*Postille* 1955—1956, Boekencentrum N.V., 's-Gravenhage.

Hierdie Postille is uitgegee onder redaksie van die „Werkgroep Kerk en Prediking." Dit is hulle sewende Postille. Dit is geskryf met die oog daarop om gebruik te word, om in die praktyk van die prediking daardeur gelei te word. Graag beveel ons dit van harte aan, omdat ons deur die praktiese gebruik die goeie diens wat dit aan die prediking ook in S.A. kan lewer, leer ken het. Die tekskeuse is goed verantwoord, die uitwerking is gewoonlik grondig, die toepassings dikwels paslik.

Die paar drukfoute (bv. „Trustworthiniss" op bls. 12 en „hss" op bls. 19) hinder weinig. Wat ons as Afrikaanssprekendes tog effens hinderlik vind, is die gebruik van Engelse woorde en uitdrukkings waar daar tog goeie Afrikaans-Hollandse woorde bestaan.. (bv. „toasten en speeches" i.p.v. „heildronke" en „toesprake"). Ons moet egter toegee dat dit vir die Nederlanders miskien heeltemal normaal is en reg sal klink, aangesien hulle taal-situasie baie anders is as ons s'n.

Hierdie laaste paar opmerkings is egter maar net neergeskryf om my belangstelling vir hierdie Postille en die nuttige gebruik wat ek daarvan gehad het, aan te toon. Dit is kortom gesê, 'n goeie, bruikbare en aanbevelenswaardige boek.

B. J. ENGELBRECHT.